# Enid Blyton Stories

# Die Mollige Heks

THINK
DIGITAL ACADEMY



# Lank, Lank Gelede

Het ‘n Mollige Heks in Sprokiesland gaan woon. Almal was jammer, want die feetjies het hekse gehaat.

Maar die Mollige Heks het eers gelag toe sy hoor dat die feetjies haar nie daar wil hê nie. Sy het Sprokiesland toe gekom en daar gaan sy bly.



Sy het die klein krom huisie op 'n heuwel geneem.



Om dit het 'n tuin gelê. Die towerfee wat daar voorheen gewoon het, het die tuin regtig mooi gehou. Daar was roosbome en groot laventelbosse. Daar het kappertjies teen die muur opgeklim en 'n groot bos sonneblomme in die een hoek gestaan.

Die heks het blomme gehaat. Sy wou nie een in haar tuin hê nie.



Daarom het sy vir Snoopy ingeroep, die ou tuinier wat onder op die heuwel gewoon het, en sy het vir hom gesê om al die plante op te grawe.

'Wat, grawe al die blomme op? het Snoopy verskrik geroep. 'Wil jy dan nie 'n tuin hê nie? Almal in Sprokiesland het 'n tuin en hou dit mooi.'



'Doen soos ek vir jou sê,' het die Mollige Heks na hom gesnap en het uit haar diep, groen oë gekyk na Snoopy, sodat hy sidder en bewe. 'Graaf alles op! Brand dit op 'n vullishoop! En kry dan 'n paar groot vierkantige plaveistene, pas dit aanmekaar en lê dan die tuin uit van punt tot punt, sodat daar niks tussen in kan groei nie!'



Snoopy het aan die werk gespring. Hy het sy graaf gebring en alles opgegrawe – maar hy het dit nie verbrand nie.



Nee, hy het al die plante teen die heuwel afgery na sy eie tuin en met liefdevolle hande het hy die roosbome daar geplant en al die ander blomme ook.



Toe koop hy 'n paar plaveistene en sit dit versigtig bymekaar in die heks se tuin sodat dit net 'n geplaveide klipwerf was, koud en lelik.



Die heks het daarna gekyk en was tevrede.

' Ha!' het sy gesê. Geen blomme kan nou daar groei nie! My tuin sal die enigste tuin in Sprokiesland wees sonder blomme. Hoe geïrriteerd sal die feetjies net nie wees nie!

Snoopy het na die heks gekyk en 'n snaakse glimlaggie kom oor sy bruingebrande gesig. Die Mollige Heks het dit gesien.

Waarvoor glimlag jy? het sy heftig geëis.

Sê vir my, vinnig, of ek verander jou in 'n liewenheersbesie



Daar is erger dinge as ‘n liewenheersbesie ' het Snoopy gesê. "Maar ek sal jou vertel waarvoor ek geglimlag het, Mollige Heks. Ek het geglimlag omdat jy gedink het jy sal nie blomme in hierdie lelike klipwerf kry nie.

Jy sal! Ja jy sal! Jy kan nie keer dat hulle kom nie!

Die Mollige Heks het gefrons.



Jy weet nie waarvan jy praat nie!' het sy gesê. "Ek sal 'n towerspreuk langs al die mure maak sodat niemand naby genoeg kan kom om 'n enkele saadjie in die tuin kan plant nie, nie dat iets in elk geval op so 'n klipperige plek sou groei nie! En as niemand kan inkom om saad te plant nie, sal geen blomme kan groei nie!



Maar steeds glimlag ou Snoopy weg en hy skud sy grys kop vir die kwaai heks.

"Jy dink dalk jy is kragtig met jou groot towerspreuke, Mollige Heks," het hy gesê. "Maar daar is iemand sterker as jy in Sprokiesland. Wag en sien!'

"Wel, as daar iemand is wat sterker as ek is in Sprokiesland, sal ek weg gaan sodra ek uit vind dit is waar!" het die heks met ‘n skerp stem gesê. 'Gaan nou hier weg en moenie weer terug kom nie.'



Snoopy het die heuwel afgegaan, steeds glimlaggend.



Die heks het in haar krom huisie ingegaan en haar towerboeke uitgehaal. Sy het deur hulle gejag totdat sy die towerspel gevind het wat sy om die tuinmure wou stel om te verhoed dat iemand naby kom.



" Daar!' het sy gesê. 'Nou kan geen plant opkom nie, want niemand kan naby kom om saad te saai nie!'



Daarna het sy haarself in die sitkamer toe gesluit met 'n vuur wat blou vlamme gebrand het, en vir weke en weke aaneen het sy diep toorkuns begin bestudeer. Sy het nie geweet of die son geskyn het nie, sy het nie geweet wanneer dit reën nie – sy het net gesit en gedink aan towerspreuke, towerkuns en betowerings.



Buite het die son geskyn, die reën gereën en die wind het gewaai. Ja, die wind het gewaai. Dit het in daardie lelike geplaveide tuin ingeloer en dit het nie gehou van wat hy daar gesien het nie.

' Skokkend!' het die wind gesê. 'Dink net aan so 'n tuin in Sprokiesland! Dit is regtig skokkend!'



Toe gaan die wind uit om te jag. En die wind het behoolik gejag! Dit het vir paardebloem horlosies gejag en die donserige sade in die lug geblaas. Die son het gejag vir madeliefie saad en distel saad. Dit het na die lang, pienk wilgerkruid gesoek en handevol van sy sade in die lug weg geblaas.

Dit het om die bome gaan dwaal, en 'n paar Fynbos sade en wildevye-sade geneem wat om en om deur die herfslug gedraai het. Dit het 'n bietjie geel grondsel gevind en die donserige sade weg gewaai. O, ek kon jou nie vertel hoe baie sade die wind gevind het nie.



Die wind het meeste van die sade oor die tuin muur van die Mollige Heks gewaai. Geen towerspreuk woord kon die wind weg hou nie – dit was sterker as enige tower woord in die hele wêreld. Die donserige sade het vrolik oor die muur gevlieg en gaan sit in die krake tussen die rye plaveiselstene.



In die lente het die sade ontkiem en gegroei. Klein groen blaartjies het oral opgeskiet, tussen die plaveistene in. Die tuin was warm en beskut en die klein plantjies het pragtig gegroei.



Die saad wat homself in die vensterbank spleet geplant het, was 'n stewige madeliefie, en dit het dosyne vet, groen knoppies opgestuur. Hulle het oop gemaak in wit blare blomme met goue harte, en saggies teen die vensterruit geklop.



Die Mollige Heks het die vreemde geluid gehoor en met 'n frons op gekyk. Toe sy die mooi blomme daar buite gesien groei het, het sy haar boek laat val in verwondering.



Sy het na die venster gehardloop en goeie genugtig! Daar het 'n massa blomme haar in die oë gestaar!

Grondsel, madeliefies, paardeblomme - wilgerkruie het opspring gereed om later te blom, distels in knop, hul pragtige stekelrige blare wat stewig uit hul stam uitstaan - en eintlik twee klein boompies, een was 'n wildevye en een 'n Fynbos, wat takkies uitgroei van die kraak tussen twee plaveiselstene naby die onderkant van die tuin!



Die Mollige Heks het 'n treurige kreet gegee en haar hande teen haar kop geklap.

Wie het dit gedoen? het sy gehuil. 'Iemand was in my tuin en het saad geplant! Iemand is kragtiger as my towerkuns! Wie is dit? Wie is dit?



Sy het weer vir Snoopy geroep en vir hom haar blomme tuin gewys.

Iemand was hier en het saad geplant, het sy gesê. 'Ek is bang. Wat as dit iemand is wat baie sterk as ek is, dalk kan hulle my kom en my in gevange neem, want ek het baie vyande.

Weet jy wie dit is, Snoopy?



Snoopy het rond om die tuin gekyk met 'n wyse oë. Hy het goed geweet dat die wind oral saad geplant het. Hy het na die bewende heks gekyk en het sy kop streng geskud.



"Mollige Heks, Mollige Heks," het hy baie stadig en plegtig gesê, "Iemand sterker as al die hekse saam was hier. Ek kan hom hoor kom.

Nou! Nou! NOU! Kry jou besemstok en vlieg weg voor hy jou kry! Hy het in jou tuin geplant ten spyte van jou towerspreuke ... luister, luister - hier kom hy!



Die wind het buite die tuin geroer, en die heks het gedink dis een of ander groot vyand wat daar weg gekruip het. Met 'n gil van skrik gryp sy haar besemstok, spring op die handvatsel en vaar hoog die lug in. Niemand het haar ooit weer gesien nie.



’n Ware oplugting! Het ou Snoopy gesê en staar na die swart spikkeltjie wat in die lug verdwyn het. Sy is dalk slim – maar sy is nie wys genoeg om die weë van die wind te ken nie!



Hy het aan die werk gespring om die lelike plaveisel klippe op te grawe, en gou het hy oor die tuin gegrawe en gereed gemaak om behoorlik geplant te word. Hy het netjiese klein pakkies sade gereed gehad - kappertjies, heuningblometjies, gousblomme en ‘n honderd ander blomme.



Jy is reg om onkruid te plant, ou wind!' het Snoopy gesê.
'Maar ek gaan hierdie keer die tuin plant!

Die wind het gelag - en toe Snoopy klaar gemaak het, het die wind 'n handvol paardebloem horlosies oor die muur gewaai. Dit het beteken om te plant wat dit behaag.

# *Die Einde*




THINK
DIGITAL ACADEMY